DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963


# menlo-insig

30/2024

17 Oktober 2024


## LIEWE MENLO

Geniet enkele van die vrugte wat die kuns-departement vanjaar opgelewer het.


















# DAGBOEK

**18/10** Atletiek: 6-skolebyeenkoms (Tuis)
Muurbal: Menlo-Interskolefees (tot 20/10)

**19/10** Swem: Menlo-Uitnodigingsgala (Tuis)

**21/10** Somereksamen begin (Gr. 10 – 12)

MENLO MA'S WAT

# OMGEE

**Filippense 4:9**

"Julle het geleer en gehoor en gesien hoe ek lewe. Julle moet dieselfde doen, dan sal God wat vrede gee, by julle wees."




# AKADEMIE

## Kampusrooster: Hier braai ons werk!

**Teorie**

Op Menlo-bodem word die gaping tussen die einde van die graad 12-sillabus en die begin van die eindeksamen met die kampusrooster oorbrug.

**Praktyk**

322 matrieks het voorverlede Saterdag (!) vir 360 minute se somme by die skool aangemeld en die stap verlede Saterdag herhaal. Gedurende die week behels die kampusrooster dat die matrieks in gewone drag skool toe kom waar hulle 'n voorsmakie van die studentelewe kry.

Na twee Saterdae, vyf weeksdae, 720 minute se Wiskunde en ure se afronding in al die ander vakke voorspel die Insig dat geen Menlo-matrikulant hoofbrekens in die eindeksamen sal ervaar nie.

**Resultaat**

Die Insig het betroubaar van die matrieks verneem dat die kampusrooster beslis voordelig vir hulle eksamenvoorbereiding was.

Die matrieks het met 'n vonkel in die oog versoek dat woorde soos *geniet* en *pret* liefs uit die berig weggelaat word en hoewel die matrieks verkies om hulle vleis op 'n ander rooster te braai, is die kampusrooster die geselligste manier om matriek af te handel!

Baie dankie aan elke matrikulant en onderwyser wat hierdie gulde leergeleentheid met albei hande aangegryp het.

Sterkte met die voorbereiding vir die eksamen!








# AKADEMIE

## Op reis na die toekoms

Dit is tradisie op Menlo-bodem om die matrieks wat 'n gemiddeld van 75% en hoër deur die jaar handhaaf na die akademiese toekenningsaand te nooi. Vanjaar het nie minder nie as 125 matrieks hierdie mylpaal bereik en die skool salueer elkeen van hulle. Vir die afgelope twaalf jaar trap ons matrieks diep akademiese spore en nou staan hulle op die drumpel van 'n nuwe avontuur.







Dit was vir die skool 'n voorreg om vir oulaas by die Graad 12-toekenningsaand by hierdie groep se akademiese prestasies te vertoef en terug te kyk na die landmerke tussen graad 1 en graad 12.

Die skool spreek graag 'n woord van waardering teenoor me. Tanya Matthysen (organiseerder), mnr. Nico Erasmus (seremoniemeester), ds. Johan Verster (opening) en mee. Michelle Scholtz en Almarie Fourie (verversings) vir hulle aandeel aan die aand se sukses uit.

Die werk van dosyne onderwysers, van graad 1 tot 12, is duidelik in elke leerder se prestasie sigbaar.

Hef aan lê nou voor en die Insig vertrou saam met die matrieks dat hulle akademiese drome vir 2024 bewaarheid sal word.


Philip


Werner


Lelize


Ewald


Devan


Viljee


Daniélle

## Spesiale toekennings

| | |
|---|---|
| 100%-skoolbesoek | Philip du Plessis en Werner Bezuidenhout |
| Beste prestasie van gr. 8 – 12 | Lelize van der Walt (95.67%) |
| Laureatus: Agt vakke | Ewald Meyer (93.25%) |
| Laureatus: Nege vakke | Lelize van der Walt (95%) |
| Laureatus: Tien vakke | Devan Matthee (88.8%) |
| Tweede hoogste prestasie (gr. 12) | Viljee Smit en Daniélle de Wet (94.86%) |
| Dux-leerder: Akademie | Lelize van der Walt (95.14%) |
| Dux-leerder: Veelsydigste dogter | Daniélle de Wet |
| Dux-leerder: Veelsydigste seun | Viljee Smit |

## Top-10-matrieks

10. Devan Matthee; 8. Cari Billman en Daniël Pienaar; 7. Mia van Dyk; 6. Marike Louw; 5. Alwyn Esterhuizen; 4. Ewald Meyer; 2. Viljee Smit en Daniélle de Wet; 1. Lelize van der Walt.

# GEES

## Totsiens Matrieks!

'n Graad 12-jaar is 'n jaar vol laastes. Tog is daar aan die einde van die jaar ook 'n *matriekeerste* in die vorm van die graad 12-afsluitingsfunksie by die skool – 'n nuwe Menlo-tradisie wat vanjaar drie jaar oud is. Hierdie spesiale geleentheid het vandeesweek in die amfi plaasgevind: 'n Nostalgiese oomblik waar die matrieks en hulle ouers vir die laaste keer as Parkies aangetree het.

Die afsluiting is deur 'n spesiale boodskap van elkeen van die sprekers in die Parkies se geheuebank geëts. Ds. Liesel Krause-Wiid het die verrigtinge met 'n bemoedigende boodskap geopen waarna die koor opgetree het. Mnr. Hartman het die leerders aangemoedig om geleenthede aan te gryp en Cara Jordaan en Wian Groothof, 2020-hoofleiers, het met hulle eiesoortige lewensraad vir 'n paar glimlagte gesorg.

Die Klas van 2024 groet die Menlo-bodem vir eers, maar word terselfdertyd in die Menlobond verwelkom. Mnr. Louis Cloete, oud BL-voorsitter, Menlobond-stigterslid en -ondervoorsitter, het die matrieks geïnspireer om deel van die wêreldwye netwerk van oud-Menloparkers te word. Die matrieks is laastens genooi om die Bankie-projek te ondersteun (navrae kan gerig word aan: menlobond@menlopark.co.za).

Die hoogtepunt van die oggend was ongetwyfeld die erewag wat deur die personeel gevorm is. Elke **matrikulant** is op die naam geroep om hulle onderwysers vir oulaas in die oë te kyk (volg gerus die skakel).

Menlo is dankbaar vir die spore wat hierdie leerders agterlaat en het waardering vir die ondersteuning van die ouers gedurende die afgelope vyf jaar. Die skool bedank me. Hannas Smit en mnr. Kobus Erasmus vir die reëlings vir hierdie spesiale dag. Menlo trek nou laer om die matrieks en wens hulle 'n voorspoedige eindeksamen toe. Die Klas van 2024 is in ons **harte** (volg gerus die skakel).














## GEES

### 2025-interhuisdirigente bekend!

Hartlik geluk aan die volgende graad 11's wat hulle onderskeie huise by volgende jaar se interhuisbyeenkoms sal aanvoer.

**Seuns**

Juvan Botha, Adrian Gous, Ryan Hill, Andru Keun, Everardo Lintvelt, Justin Lottering, Christian Maree, Sibusiso Mashabela, Sandile Matshiana, Jesse Pretorius, Keagan Pretorius, Mattheus Prinsloo, Rudolph Smit, Ruan Strydom, Josh van der Merwe & JN van Wyk.

**Dogters**

Zoe Badenhorst, Marie-Ginette Barnett, Naidene Bouwer, Sanja Buitendag, Sebrina du Plooy, Elzette Fouche, Jana Fouche, Ininke Human, Imme Kromhout, Mika Loots, Zané Loots, Ané Prinsloo, Lienké Maré, Hali Matli, Mila Stander en Amy West.



## AKADEMIE

### Menlo-dokter in wording

Aspirantdokter, Ciana Kruger in graad 10, is as die beste student van die Apprentice Doctor & Future Doctors Academy aangewys.

Die kursus is van 26 tot 29 September aangebied en Ciana het met haar toewyding bewys waarom die spesie, *Menloparker*, volop in mediese kursusse is.

Welgedaan, Ciana!










### Menlo-balans betower

Die idee dat balans een van die sleutels tot sukses is, is so oud soos Menlo self. Mia Lombaard (gr. 8) en Jamie van der Walt (gr. 9) se gebalanseerde rangskikking van verskeie kunselemente het die beoordelaars by die GDE Provincial Arts Exhibition uitgeboul. Baie geluk aan hierdie twee kunstenaars wie se kunswerke vandeesweek by Robertsham Primary ten toon gestel is.

# KOSHUIS

## Laaste naweek voor die eksamen behoorlik gevier

Die eksamen wink en die skool se koshuisbrakke het hulle akademiese vryheid verlede week vir oulaas geniet deur die een feesviering na die ander by te woon. Die opwinding het Donderdag afgeskop toe die koshuisleerders en die dagleerders mekaar die stryd op die hokkieveld aangesê het. Ten spyte van die koshuisbrakke se tuisvoordeel moes hulle die knie ten einde laaste buig en die beker aan die dagleerders oorhandig.

Daar was egter geen tyd om die wonde te lek nie, want die transformasie van die saal vir die koshuisdinee het Vrydagaand reeds begin. Die swembad het heerlike lafenis na al die opwinding gebied waarna die aand met 'n buitelugfliek onder die wakende oë van Father Time en met emmersvol springmielies afgesluit is. Die hoogtepunt van die naweek het egter voorgelê...







## Great Gatsby besoek Menlo-bodem


Menlo se koshuis is veel meer as 'n dak oor die kop en heilsame maaltye saam met maats. Dit is 'n tuiste waar lewenslange vriendskapsbande gesmee word, uitdagings gedeel word en suksesse gevier word.

Die koshuisdinee – een van die hoogtepunte op die koshuiskalender – is die ideale geleentheid om 'n verbeeldingsvlug na ouwêreldse swier te neem. 'n Skoolsaal is beswaarlik 'n plek waar Gatsby-karakters kan sosialiseer en met die hulp van 'n paar koshuisvrywilligers is die saal in 'n japtrap in 'n toneel uit die twintigerjare omskep.


Die Insig wens die koshuisleerders sterkte met die eksamen toe en bedank me. Natasha Austen en die graad 11-koshuiseleerders vir hulle harde werk. Die koshuisdinee van 2024 was uit die boeke. Ons maak gou weer so!


















# REDENAARS

### 2025-seisoen open binnekort

Menlo-redenaars funksioneer soos 'n geoliede masjien en wanneer hulle eers aan die gang is, praat hulle nie net 'n hond uit 'n bos uit nie, maar ook dat die spoeg spat. Hierdie reggebektes is beslis nie 'n groep spekskieters nie ...

Parkies wat hulle volgende jaar by hierdie groep wil skaar, kan gerus die volgende inligting bestudeer.




### Uitdunne vir 2025

- Parkies wat aan enige van die kompetisies wat deur die skool erken word wil deelneem, moet aan die onvoorbereide uitdunne, wat in Januarie en Februarie plaasvind, deelneem (selfs al wil hulle slegs voorbereid praat).
- Sprekers registreer vir hierdie uitdunne deur 'n e-inskrywingsvorm te voltooi.
- Sprekers het steeds die keuse of hulle in die voorbereide of onvoorbereide afdeling van die ATKV-kompetisie wil praat.
- Parkies wat aan voorbereide redenaars wil deelneem, moet hulle toesprake volgens die ATKV se riglyne en temas skryf en tydens die voorbereide uitdunne (Januarie) lewer.
- Geakkrediteerde beoordelaars beoordeel elkeen van die sprekers volgens die ATKV se beoordeelstate.
- Parkies kan van Maandag, 21 Oktober 2024 'n redenaarsinligtingstuk by mnr. Corné van Wyk of by ontvangs afhaal.
- Vir enige verdere inligting of navrae, stuur gerus 'n posduif na corne.vanwyk@menlopark.co.za.

# ATLETIEK

### Menlo behaal tien uit tien by Top 30-byeenkoms

Baie geluk aan die atlete wat weereens bewys het dat Menlo geen gelyke op die atletiekbaan het nie. Die span het verlede naweek na Potchefstroom gereis en as wenners van die NWU se Top 30-byeenkoms uit die stryd getree. Baie geluk aan die atlete en afrigters!

Hier volg die uitslae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dogters** | 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. AHMP | 3. Noordheuwel |
| **Seuns** | 1. AHS | 2. Curro Hazeldean | 3. Die Hoërskool Menlopark |
| **Algeheel** | 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. Curro Hazeldean | 3. Helpmekaar Kollege |

**Beste junior baanatleet:** Megan Nieman

**Beste junior veldatleet:** Joshua Gerber








# KRIEKET

## Ons kom uit die noorde...

Die skool is trots op die eerstekrieketspan wat van Musina in die noorde tot Kaapstad in die suide as een van die land se bestes gereken word. Loer gerus na Steve Stolk se puik vertoning met die kolf. Baie geluk aan die spelers en afrigters wat 2024 op 'n hoë noot afgesluit het.



Hier volg die uitslae van die Noord-Suid Toernooi: Menlo eindig vierde.

**Menlo teen Paarl Boys High**

| | |
|---|---|
| Paarl Boys | 139/9 |
| Menlo | 143/5 (Matt van der Westhuizen 41*) |

Menlo wen met 5 paaltjies.

**Menlo teen St. Andrews Bloemfontein**

| | |
|---|---|
| Menlo | 261/6 (Steve Stolk 155 van 56 balle) |
| St. Andrews | 132 almal uit |

Menlo wen met 129 lopies.

**Menlo teen Grey High**

| | |
|---|---|
| Menlo | 244/5 |
| Grey High | 216/7 |

Menlo wen met 28 lopies.

**Kwarteindrondte: Menlo teen Centurion**

| | |
|---|---|
| Menlo | 235/9 |
| Centurion | 137 almal uit (Monré Koekemoer 3/5) |

Menlo wen met 98 lopies.

**Semifinaal: Menlo teen Affies**

| | |
|---|---|
| Affies | 192/6 |
| Menlo | 119 almal uit |

Affies wen met 73 lopies.

**Uitspele vir derde plek: Menlo teen Grey High**

| | |
|---|---|
| Menlo | 232/7 (Steve Stolk 117 van 37 balle) |
| Grey High | 233/4 |

Grey High wen met 6 paaltjies.

# MUURBAL

## MMA verbreed horisonne en verken Moederstad

Die Moederstad het haar beste voetjie verlede naweek voorgesit om die land se beste muurbalspanne vir die Stayers-toernooi te verwelkom. Wanneer *die beste* ter sprake is, is die Parkies natuurlik daar en die Menlo-muurbal-akademie (MMA) het inderdaad hulle stempel op die toernooi afgedruk.

Die Insig was egter onder die indruk dat muurbaltoernooie vir muurbalspeel is, maar het intussen betroubaar verneem dat daar ook tyd vir roomys by Bloubergstrand was. Baie geluk aan die spelers met goeie vertonings. Die Insig sien saam met julle na die 2025-seisoen uit en vertrou dat daardie Blouberg-roomys die deurslag sal gee.





# SPOG

## Parkie stel visier op hoë doelwitte

As Enya Pretorius eers haar visier op 'n doelwit ingestel het, is daar geen keer aan haar nie. 'n Mens hoef nie verder as vanjaar se SA Nasionale 18 meter-kampioenskap te soek as jy bewyse hiervoor wil inwin nie. Enya het die vyfde plek en veertien kolskote in die afdeling vir Recurve Women (o. 18) behaal. Knap gedaan!



# MENLO-ROBOTIKA-UITDAGING

## VIR GRAAD 6



### BEGINNERS

(ek het nie my eie robotika-stel nie)

Maandag, 28 Oktober
15:00 – 17:00
Menlo-robotikasentrum
Inskrywingsfooi: R100

Bring saam:

- Kreatiwiteit
- Spangees
- Energie

### ERVARE

(ek het my eie stel en kan al programmeer)

Woensdag, 30 Oktober
15:00 – 17:00
Menlo-robotikasentrum
Inskrywingsfooi: R100

Bring saam:

- Jou robotika stel (NXT/EV3/SPIKE PRIME)
- Kreatiwiteit
- Spangees
- Energie

Ons gebruik die volgende sagteware: MindStorm EV3 Education, ClassRoom EV3, Scratch of Spike



**Beperkte spasie: SKRYF NOU IN!**

**INSKRYWINGSVORM**

SCAN ME

## Weet jy wat wag?

- Bou van robotte
- Programmeer en voer opdragte uit
- Nuutste robotika uitdagings!

**Navrae: robotika@menlopark.co.za**

# MARKPLEIN


Pool & Spa Centre
Why Choose Us
Water analysis & treatment
Retail of pool and spa chemicals, equipment and spares
Irrigation repair and installation
Pool leak detection
Pool structure renovation
Pool and Spa system equipment, repairs, service and installation
Your local
Pool xpert
Trading for more than 40 years
Green to clean
Maintenance & Repairs
Expert advice
Contact Us
012 993 2060/5165
Visit Our Website
www.poolandspa.simplesite.com
Jody - 082 379 2350
Hendrihet - 082 408 3450
poolandspa@xsinet.co.za
546 Douglas Scholtz street, c/o January Masilela & Constantia Park Ridge Shopping Centre


Multiply & Vitality
Fitness Assessments
Waar: Body Intellect Mooikloof
Adres: 268 Holding, Atterbury road East
Wanneer: Maandae-Saterdae per bespreking
Tyd: 30-45 min per sessie
Kontak gerus vir Chantel
by 0607360329
CHANTEL SWART
BIOKINETICSSA


NAALDWERK
VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228
EQUESTRIA


Jannes Erasmus
Dihan Keün
Nadia Beukes
Bernice West
Revan Luüs
Rouel Beukes
'n AfriForum -produksie in samewerking met inhoudHuis musiek
DIE AFRIKANER
MAAK SÓ
VANAF 2 OKTOBER 2024
AFRIFORUM TEATER
Kaartjies te koop by
www.afriforumteater.co.za


Flavourlicious Creations
Bespoke cakes and cupcakes for all occasions
• Baked from scratch
• Quality ingredients
• Delicious
• Beautiful
Contact us for a quote:
076 7733262
info@Flavourlicious.co.za
Follow us:
Flavourlicious Creations
Flavourlicious_creations


OCTOBER
Breast Cancer
AWARENESS MONTH
OUR SERVICES:
Mammography with Tomosynthesis
Breast Ultrasound
Bone Densitometry (DEXA)
Ultrasound & Mammography Guided Biopsies
WE ALSO OFFER:
X-rays, Ultrasounds, CT Scans & Specialised MRI's
DON'T WAIT FOR SYMPTOMS
REMEMBER TO BOOK YOUR MAMMOGRAM
10% discount for all self-paying mammogram patients in October
Most medical aids pay for mammograms from screening benefits, not medical savings. Contact us with your medical aid details to confirm your benefits
Club WOMEN'S IMAGING CENTRE
012 880 4900
CLUB.AUTH@DRSBURGER.CO.ZA
30 PINASTER AVE, HAZELWOOD, PRETORIA


UNCAPPED WiFi
in 3 maklike stappe
1 Doen 'n COVERAGE check
2 Kies 'n gepaste WiFi PAKKET
3 Plaas jou BESTELLING aanlyn
wirulink
wireless • fibre • voice • data
Jou BESTE Plaaslike Internet Verskaffer.
Aangedryf deur die RUSH NETWORK
www.wiru.co.za • 012 111 8300